

GRENDELTYD LES: Vroue van die Ou Testament

Hierdie les kan oor 'n hele klomp aande gedoen word.

1. INSTRUKIES VIR HIERDIE LESSE:

Die idee rondom die les oor die vroue van die Ou Testament is om iets 'anders' te doen. Krap voor die tyd in almal se kaste en kyk wat julle kan gebruik om elke vrou mee 'uit te beeld'. Klere, serpe wat julle ookal in die huis het. Maak dit PRET vir die gesin. Elke gesinslid (ook Pa) gaan 'n beurt kry om 'n vrou uit die Ou Testament voor te stel. Wanneer dit jou beurt is lees jy die leidraad, sodat hulle moet raai wie jy is, en daarna gee jy die vrae rondom die betrokke vrou en die gesin beantwoord dit dan saam.

2. VROUE VAN DIE OU TESTAMENT

2.1 Eva

Clue: Ek was die eerste ma in die Bybel gewees.

Vrae:

- Wie was Eva se twee seuns gewees? (Gen 4:1-2)
- Wie was Eva se man gewees?

2.2 Sara

Clue: Ek was 90 jaar oud toe my seun gebore is.

Vrae:

- Wie was Sara se man gewees? (Gen 12:10-11)
- Hy was nie net haar man gewees nie, maar ook haar (Gen 20:12)
- Wat het Sara gedoen omdat sy nog nie 'n kind gehad het nie? (Gen 16:1-2)

2.3 Rebekka

Clue: Ek was die ma van 'n tweeling gewees.

Vrae:

- Wie was Rebekka se twee seuns gewees? (Gen 25:24-26)
- Wie was Rebekka se man gewees? (Gen 25:20)
- Rebekka het haar jongste seun gehelp om sy pa te bedrieg. Hoekom het sy dit gedoen? (Gen 27:35)

2.4 Hanna

Clue: Ek het my seun afgesmeek van die Here.

Vrae:

- Wat was Hanna se seun se naam gewees? (1 Sam 1:20)
- Hoekom het sy hom hierdie naam gegee? (1 Sam 1:20)
- Wat het sy die Here belowe as Hy vir haar 'n seun gee? (1 Sam 1:11)

2.5 Rut

Clue: Ek was baie lief vir my skoonma gewees.

Vrae:

- Wie was Rut se skoonma gewees? (Rut 1:8)
- Hoe weet ons dat Rut baie lief vir haar skoonma was? (Rut 1:16)
- Rut se man is oorlede, met wie het sy weer getrou? (Rut 4:9-10)

2.6 Ester

Clue: Met God se hulp het ek my volk van ondergang gered.

Vrae:

- Wie was Ester gewees? (Ester 2:17)
- Ester was 'n weeskind gewees wat deur haar oom grootgemaak was. Wie was haar oom gewees? (Ester 2:7)
- Die koning het bevel gegee dat Ester se volk, die jode, doodgemaak moes word. Haar oom het vir haar gesê dat sy die enigste een is wat iets daaraan kon doen. Wat wou hy hê moes sy doen? (Ester 4:8)
- Hoekom was Ester bang om na die koning te gaan? (Ester 4:11)
- Wat was haar oom se antwoord hierop gewees? (Ester 4:14)

2.7 Ragel

Clue: My man het 14 jaar vir my gewerk.

Vrae:

- Hoekom moes hy 14 jaar vir haar werk? (Gen 29:20; 23; 25; 27)
- Wie was Ragel se man gewees? (Gen 29:28)
- Wie was haar eerste seun gewees? (Gen 30:25)

2.8 Mirjam

Clue: Ek het my boetie in 'n mandjie op die Nylrivier weggesteek.

Vrae:

- Wie was Mirjam se broers gewees? (Numer 26:59)
- Wat was Mirjam volgens Eksodus 15:20 gewees?
- Hoekom het die Here Mirjam melaats laat raak? (Numeri 12:1; 10)
- Wat moes sy doen voordat die Here haar gesond gemaak het? (Numeri 12:14)

3. Sluit af met gebed in die groepe

